



GEMEENSKAP NUUSBRIEF



LOERIESFONTEIN-WINDKRAGAAANLEGTE BINNEKORT IN WERKING GESTEL

In November sal die toetsfase afgesluit word waarna die windkragaanlegte van Loeriesfontein en Khobab in werking gestel sal word. Meer as twee miljoen werksure het tydens konstruksie van die Khobab-windkragaanleg en aangrensende Loeriesfontein-windkragaanleg verloop sonder enige voorvalle waar werkstyd verlore gegaan het. Dit word voorwaar as 'n prestasie beskou.

Die aangrensende windkragaanlegte bestaan uit 122 windturbines en strek oor 'n gebied van 6 653 hektaar. Die windkragaanlegte het die kapasiteit om 240 000 gemiddelde Suid-Afrikaanse huishoudings jaarliks van krag te voorsien en ondersteun die plaaslike gemeenskap deur ekonomiese ontwikkelingsprogramme.

Die windkragaanlegte van Loeriesfontein en Khobab sal teen volle kapasiteit funksioneer gedurende hul lewensduur wat oor 'n tydperk van 20 jaar sal strek en op 8 Desember 2017 aanvang sal neem.



ONTMOET ONS BESTUURSPAN



Pieter de Villiers
Aanlegbestuurder



Zanele Blakfesi
Projekbeampte



Shannon Welsh
Uitvoerende hoof van
ekonomiese ontwikkeling



Devon Steenkamp
Indiensopleiding
projekbeampte



LOERIESFONTEIN-WINDKRAGAAANLEGTE STEL GELD VIR WETENSAP- EN WISKUNDEONDERWYSERS BESKIKBAAR



Dansky die Loeriesfontein-windkragaanlegte se ondersteuningsprogram vir grondslagonderwysers is daar nou 'n spesialis gr. 7 wetenskap- en wiskunde-onderwyser by Laerskool Loeriesfontein. Die onderwyser help ook gr. 8- en gr. 9-leerlinge om hul skoolwerk baas te raak.

Die doel van die program is om meer leerlinge aan te moedig om wiskunde en wetenskap tot in matriek te neem en om leerlinge te help om beurse in wiskundige en wetenskaplike studierigtings te kry.

Daar is ook weeklikse naskoolklasse in wiskunde en wetenskap, tweemaandelikse hersieningsklasse op Saterdag en winterskool-programme gedurende skoolvakansies.



VOORKOMING VAN DWELM- EN ALKOHOLMISBRUIK IN DIE GEMEENSAP



Die Loeriesfontein-windkragaanleg spits hom op die voorkoming van dwelm en alkoholmisbruik in die gemeenskap toe en bied ook ondersteuning aan mense wat in die web van dwelms- en alkohol vasgevang is, sowel as hul families.

Ons voorkomingsprogram vir middelmisbruik bied berading en ondersteuning aan mense wat aan middels verslaaf is, sowel as hul families. Dit sluit ook uitreik- en voorkomingsprogramme by plaaslike skole en organisasies in. Ons help ook om pasiënte na rehabilitasiesentrums te verwys en bied ondersteuning aan gerehabiliteerde pasiënte.

Die programme sal oor 'n tydperk van drie jaar geïmplimenter word. Gedurende hierdie tyd sal ons ondersteuning en gereedskap bied om 'n volhoubare gemeenskapsorganisasie tot stand te bring.



ONS ONDERSTEUN VROEË KINDERONTWIKKELING

Ons help met vroeë kinderontwikkeling by die Loerievinkie Crèche en Laerskool Loeriesfontein se gr. R-klasse.

Ons bied verrykingsprogramme vir onderwysers aan. Dit sluit werksinkels, mentorskap en ondersteuning aan voorskoolse onderwysers in. Ons bied ook bestuursopleiding aan lede van die vroeë kinderontwikkelingsentrum se bestuurskomitee, sowel as 'n uitreikprogram oor die belangrikheid van vroeë kinderontwikkeling aan.

Ons voorsien ook opvoedkundige toerusting aan voorskoolsentrums. Dit sluit toerusting en materiaal in wat help om kinders se geletterdheid, syfergeletterdheid, lewensvaardighede, sowel as hul motorise vaardighede te verbeter. Ingesluit by hierdie toerusting is opvoedkundige plakkate, kunstoerusting, buitelug-toerusting, toesluitkaste, matrasse, komberse, tafels, stoele, leeshoekies, speelgoedkassies, noodhulptassies en veiligheidstoerusting.



GESONDHEIDSORG VIR DIE GEMEENSAP

Die Loeriesfontein-windkragaanleg het onlangs noodsaaklike kantoortoerusting aan die plaaslike kliniek en nooddienste geskenk nadat hulle vir 'n geruime tyd met verouderde toerusting gesukkel het om voldoende dienste aan die gemeenskap te lewer.

Die nuwe rekenaars, kantoortoerusting en internetkonneksie sal hulle help om die gemeenskap meer effektief te kan dien.

KONTAK ONS

Algemene navrae: christo.loots@mainstreamrp.com
kevin.foster@mainstreamrp.com
 Konstruksie navrae: paul.dutoit@mainstreamrp.com | 072 582 4508
pieter.devilliers@mainstreamrp.com | 083 842 2555
 Gemeenskapnavrae: shannon.welsh@mainstreamrp.com